



Kwartaallikse nuusbrieff van die beheerliggaam

4/2016

Geagte Ouers/Voogde

Ons laaste beheerliggaamvergadering was net voor die skoolvakansie. Hartlik geluk aan al ons leerders wat so pragtig op 'n wye front presteer het. Ons is trots op elke leerder!

Hartlike dank vir die puik ondersteuning van die kermis – ons het meer as R 143 000 ingesamel en dit het alle verwagtinge oortref.

Dit was ook ons eerste vergadering na die strategiese beplanning en daar is belangrike besluite geneem.

Strategiese beplanning

Baie dankie aan die 716 ouers en opvoeders wat ons elektroniese vraelys voltooi het. 532 graad 4 tot 7 leerders het ook hulle menings gegee en dit het ons baie gehelp met ons beplanningssessie. Die skool se missie en doelstellings is met enkele klein wysigings weer aanvaar en spesifieke doelwitte word nou vir 2017 gestel. Ons het baie goeie voorstelle ontvang en die SBL komitees is reeds aan die werk. Van ons komitees gaan hulp benodig en ons sal in die weekbriewe kennis gee van welke vaardighede en talente gesoek word.

Ons kinders se twee grootste versoeke was om op stoele in die saal te kan sit en dat iets aan die reuk by die badkamers gedoen moet word. Ons kon beide dadelik aanspreek – die versoeke oor tablette en langer pouses geniet nog aandag!

Die verslag oor die vraelys bestaan uit twee dele. Die eerste is tabelle met die opsomming van vrae waar daar 'n punt gegee is en die tweede is 'n opsomming van al die kommentaar wat op die oop vrae ontvang is. Die verslae is nou beskikbaar by ons webtuiste: fichies.co.za in die aflaaision, asook op die “communicator” by nuus. Gaan kyk gerus na wat die skoolgemeenskap van ons skool dink en raad wat ons gekry het.

Ons sal in die weekbriewe terugvoer gee oor ons vordering met die uitvoering van die aksieplanne.





Waterkrisis

Baie dankie aan soveel ouers en besighede wat reeds water vir die sportgronde geskenk het. Ons Groenkomitee is besig om met die hulp van kundige ouers na 'n langtermynoplossing te werk om maksimum afloopwater te kan opvang en vir die terrein te kan gebruik. Die projek vorder goed en die nodige toestemming is reeds van die LUR versoek om met bouwerk voort te gaan.

Ondersteun asseblief die "Water Woensdae" inisiatief om ten minste ons struik en bome tussen die klasse aan die lewe te hou.

Algemene vergadering en begroting 2017

Ons jaarlikse vergadering met ouers is op Maandag 31 Oktober. Ons gee dan 'n oorsig oor die jaar se aktiwiteite en lê die 2017 begroting aan ouers voor vir goedkeuring. Die kennisgewing vir die begrotingsvergadering is reeds uitgestuur en die begroting sal 14 dae voor die vergadering vir besigtiging by die skool beskikbaar wees.

Verkeer en parkering

Die impakstudie is voltooi en ons veiligheidskomitee gaan die volgende paar weke 'n proeflopie maak om te ondersoek of ons die op- en aflaai van ons leerders veiliger kan maak. Ons maak staat op elke ouer (en grootouer) se samewerking om die beste langtermynoplossing vir die skool te vind.

Skooldrag 2017

Die beheerliggaam het besluit om die inwerkingtreding van die nuwe skooldrag met die nuwe skoolwapen met een jaar uit te stel tot Januarie 2018. Ons is bewus dat die ekonomiese omstandighede wesenlik anders daarna uitsien as 3 jaar gelede toe die besluit geneem is.

Die beheerliggaam het ook voorstelle oor wintersdrag ontvang en die klere-komitee het opdrag om alle opsies, bekostigbaarheid en beskikbaarheid te ondersoek. Ons het besluit om by ons bestaande beleid en kleredrag te hou.





Leerderraad

Daar is in beginsel besluit dat ons vanaf 2018 nie meer 'n tradisionele leerderraad by die skool gaan hê nie. Ons wil op 'n ander wyse uitvoering aan ons missie gee deur meer geleenthede vir al ons graad 7-leerders te bied om talente en gawes te ontwikkel. In hierdie proses gaan ons kers opsteek by ander skole wat reeds leerderrade afgeskaf het en ander strukture in plek gestel het. Ons sal ook weer 'n geleentheid vir ons skoolgemeenskap skep om insette te kan lewer.

Mammas wat Omgee

Ons skool is dankbaar vir 'n groep mammas en oumas wat weekliks vir ons skool bid. Hulle maak dit nou ook vir werkende mammas moontlik om deel te kan wees:

“Die *Mammas wat Omgee* kom een keer per week by die skool bymekaar om saam te bid vir ons leerders, personeel, skool en ouers. Ons kan getuig dat die Here getrou is, Hy beantwoord ons gebede op wonderlike wyses. Alle eer aan Hom!

Woorde van bemoediging:

Jes. 43:19: *Kyk, Ek gaan iets nuuts maak; nou sal dit uitspruit; sal julle dit nie merk nie? Ja, Ek maak 'n pad in die woestyn, riviere in die wildernis.*

Die gebedsversoeke van die week word ook elke Vrydag op 'n *WhatsApp*-groepe geplaas. Sodoende kan mammas wat werk ook saambid.

Alle mammas (en oumas) is welkom om op 'n Vrydagoggend van 7:30 – 8:00 in die Raadsaal by hierdie groeie aan te sluit. Vir verdere inligting kontak gerus vir Chrisna Joubert 082 445 3477.

Uitverhuring van die sportdek

Die sportdek is nou toegerus met breekware, stoele en tafels en kan vir kleiner funksies by die skool gehuur word. Ons het twee tariewe. Een tarief vir persone buite ons skoolgemeenskap en 'n spesiale tarief (een geleentheid per jaar) vir persone binne ons skoolgemeenskap (ouers en personeel). Koste beloop R 800 (buite tarief) en R 400 (binne tarief) en 'n deposito van R 500 is by die bespreking betaalbaar. Bespreek gerus die fasiliteit en ondersteun die skool.





Die aanstelling van 'n adjunkhoof

Die advertensies vir die adjunkhoof het gesluit en die skool het die week ons reuse pak aansoeke van die Departement ontvang. Ons gaan presies dieselfde proses volg as met die aanstelling van die skoolhoof en vertrou dat die nuwe adjunkhoof vanaf 1 Januarie 2017 verantwoordelikhede sal aanvaar. Die statutêre proses van kortlysting en onderhoude vind in twee fases plaas. Ons hoop om die kortlystingsproses in Oktober af te handel sodat ons die onderhoude vroeg in November kan afhandel.

Bid saam met ons vir hierdie proses en vir wysheid om die regte persoon in hierdie belangrike pos aan te stel.

Baie sterkte met die baie kort laaste kwartaal.

Beheerliggaam groete

Jaco Deacon

